PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen
Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

die
WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
In U lig sien ons die lig.
JAARGANG XXV 28 AUGUSTUS 1970 NR. 12

J. Heidema
Kerkstraat 48, Potchefstroom.
Telefoon 5319
VIR PUKKE
DIE FIETSWINKEL

# Pukke weer stembus toe



Mnre. Neels Smit (tweede van regs) en Morkel van Tonder in diep gesprek tydens die byeenkoms van K.V.V. Woensdag. Dr. Schutte, dosent in Volkekunde, staan en toekyk. Die onderwerp was „Studente in die Sewentigs".

(Foto: Fotokuns)

**VOLGENDE Woensdag, die tweede September, is dit weer stemdag op die Puk. Vanjaar sal die grootste Studenteraad ooit op die Puk verkies word deur die massa. Die nuwe Studenteraad sal, benewens die voorsitter, sekretaris en penningmeester ook nog drie S.R.-verteenwoordigers van elk van die volgende hoofliggame bevat: A.O.B., P.N.B., K.V.V.-bestuur, S.S.B., en die nuwe S.A.B.**

Daar sal voldoende geleentheid wees vir elke stemgeregtigde Puk om te stem omdat die stembusse van vroeg die oggend tot net voor sleeptyd oop sal wees.

Verlede jaar het die ontleding van die stempersentasies interessante gegewens aan die lig gebring. Die sportmanne met hul S.S.B. het nl. vir die heel laagste stempersentasie gesorg toe slegs 33% van alle stemgeregtigdes hul stemme uitgebring het. Die rede waarom sportmanne en -vroue so swak stem is heeltemal duister. Miskien sal 1970 se stempersentasies 'n neiging na die ander kant toon?

**A.B.K.K.**

Die kultuurbewustes met hul A.B. K.K. het met die tweede laagste stempersentasie gespog, nl. 62%, wat eintlik 'n hoë persentasie is vergeleke met dié van S.S.B.

**P.N.B. het 'n stempersentasie van 66% gewys, terwyl Korps die heel hoogste persentasie van 76% getoon het. Alles dui daarop dat Korps weer eens vanjaar gaan spog met die hoë stempersentasie as die geesdriftige bywoning van Korpsaksies deur die jaar 'n barometer kan wees.**

Wat besonder eienaardig is, is dat so min persone vir die A.O.B. verteenwoordigers gestem het. 'n Skamele 53% van die totale aantal stemgeregtigdes het hul stemme uitgebring. Die rede vir ons kommer oor die lae persentasie by A.O.B. is omdat alle persone wat vir enige ander hoofliggaam stemreg het, outomaties ook stemreg het vir die A.O.B.-verteenwoordigers. Dit kan toegeskryf word aan een van twee moontlike redes. Óf die kiesers is nie bewus van die feit dat hulle stemreg op A.O.B. het nie, óf hulle stel nie belang nie.

**Kiesbeampte**

Mnr. Johan Kruger, kiesbeampte by die verkiesing van Woensdag het aan **Die Wapad** in 'n onderhoud gesê dat alle persone wat stemreg het op een van die geaffilieerde liggame by die S.A.B. stemreg sal hê om te help kies aan die eerste verteenwoordigers van die S.A.B. op die Studenteraad.

Alle persone wat massastemreg het mag vir die S.R.-voorsitter stem. Verlede jaar het slegs 53% hulle stemme uitgebring by die verkiesing van die voorsitter. Omdat dit so 'n uiters belangrike pos is wil Die Wapad 'n beroep doen op alle Pukke wat stemreg het doen om hul stemme uit te bring by die verkiesing van die voorsitter.

## S.A.B. BRING MEER STEMGEREGTIGDES

**DAAR SAL volgende week ook drie verteenwoordigers vir die pasgestigte Sentraal Akademiese Bestuur op die Studenteraad verkies word.**

**Op die oomblik is daar nege akademiese verenigings wat by die S.A.B. ingeskakel is en slegs twee het nog nie geaffilieer nie. Op 'n onlangse vergadering is die voorgestelde grondwet eenparig aanvaar en dit moet nog net aan die Studenteraad vir goedkeuring voorgelê word.**

**Omdat al die lede van die verskillende akademiese verenigings nou ook stemreg verkry, word die totaal van die aantal stemgeregtigdes vir die eerskomende Studenteraadsverkiesing met sowat 400 opgeskuif. Persentasiegewys maak dit nogal 'n groot deel van alle stemgeregtigdes uit.**

### Magte en ideologieë:

# Geleerde vra kritiese denke

**DIE JAARLIKSE simposium, gereël deur die Sentrum vir Internasionale Politiek het plaasgevind op Vrydag 21 Augustus. Prof. C. P. van der Walt, hoof van die Sentrum, het die verteenwoordigers van alle dele van die land verwelkom by hierdie hoogtepunt van die jaar se werksaamhede. Die tema van die simposium was: magte en ideologieë van ons tyd.**

Die eerste referaat, gelewer deur mnr. J. A. du Plessis, het gehandel oor die „Kommunisme as ideologiese en internasionale magsfaktor". Die betrokke referaat is voorgedra deur prof. C. P. van der Walt, in die afwesigheid van mnr. Du Plessis.

Vervolgens het prof. van der Walt die „Liberalisme van die nuwe Weste" in oënskou geneem.

Na middagete het prof. J. H. Coetzee gepraat oor „Die opkoms, aard en rol van die derde wêreld".

Prof. W. J. de Klerk het afgesluit met „Die Suid-Afrikaner en die huidige wêreld". Hy het gewys op die noodsaaklikheid van kritiese denke te midde van al die magte. Die fundamentele antwoord op die vraag na ons benadering in die moderne wêreld is dat „ons ons eie moet aangryp, vertroetel en verbeeldingryk moet uitbou". Die Suid-Afrikaner moet met groter gerigtheid en volledige oorgawe beweeg in die wêreld van:

- Die vrymaking van die Bantoevolkere, elk in sy eie land.
- Die groter vergadering na gelykberegtiging en ernstige aandag aan die gevare van swart proletariaat in Suid-Afrika.
- die interstaatlike verhoudinge in Afrika met al die konsekwensies daaraan verbonde.

Die Sentrum vir Internasionale Politiek kan met reg trots wees op die waardevolle bydrae tot politieke opvoeding — Die tevredenheid van elke simposiumganger het dit weer eens bewys.



PROF. DE KLERK
(Foto: Fotokuns)

# KANDIDATE VIR S.R.-VOORSITTER



H. S. (FAAN) COETZEE
B.A., LL.B. II.



L. (LEON) WESSELS
B.Jur. et Comm. III



S. J. (KOBUS) VAN DER WALT
Th.B. I

# Strafdrie kon UOVS nie red

**'N OMSTREDE strafdrie het die Kovsies van vernedering gered, maar kon hulle nie 'n pak slae laat vryspring nie. Die Theos het toe weer so gemaak en Ukovs met 19—16 uitgetrap tydens verlede week se intervarsity in Bloemfontein.**

'n Strafdrie het die Pukke egter byna weer die wedstryd gekos, soos drie jaar gelede op Olënpark. Nadat die Pukke met 11-3 voorgeloop het, is Joggie Jansen gepootjie op pad na die doellyn, met nog drie manne voor hom. Die skeidsregter het egter dadelik 'n strafdrie toegeken.

Direk daarna het die Kovsies weer gedruk en skielik voorgeloop met 13—11. Hulle het dus 10 punte in sowat 5 minute aangeteken, maar die Pukke het nogtans teruggeveg en deeglik gewen.

BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK

die WAPAD

28 AUGUSTUS 1970

# Stem verantwoordelik

**Aanstaande week gaan ons weer na die stembus om die persone aan te wys wat in die volgende termyn die leiding op hulle moet neem.**

**Besef ons ons verantwoordelikheid? Besef ons dat dit ons, die kiesers, is wat die beleid van die toekomstige Studenteraad tot 'n groot mate reeds by die stembus bepaal? Besef ons daarom dat dit nie in die eerste plek gaan om die persoon nie, maar om dit waarvoor hy staan?**

**Die studentegemeenskap van die P.U. vir C.H.O. het nog altyd getoon dat hy nugter dink oor die probleme van die studentelewe uit die persone wat hy op die Studenteraad verkies. Dit is vanjaar miskien meer as ooit belangrik dat die kiesers die netelige situasie op die terrein van die studentepolitiek moet besef, en hulle keuse só moet maak dat alleenlik die persone wat die beste toegerus is om dié situasie te kan hanteer, verkies sal word.**

**Dit is te verwelkom dat so baie studente vanjaar stemreg verkry het — seker die hoogste aantal ooit. Hierdie is 'n direkte gevolg van sekere toegewings van die Studenteraad wat stemregvereistes betref, asook die feit dat talle verenigings gedurende die afgelope jaar onder die Studenteraad gepatroneer het. Die belangrikste enkele faktor is sekerlik die totstandkoming van die S.A.B., as gevolg waarvan talle studente 'n sê in die verkiesing verkry het. Sukses aan hierdie baba onder die hoofliggame!**

**Dit is nie slegs 'n reg wat 'n stemgeregtigde verkry om te stem nie; dis ook 'n plig om op hierdie wyse aan die studentelewe te help bou. Daarom; gebruik jou stem, kom jou plig na! Daarbenewens; stem verantwoordelik; Stem gemotiveerd!**

**T. J. Kruger.**

**CACHET APTEEK**

DIE STUDENTE-APTEEK

Agente vir:

REVLON- EN RIMMEL- SKOONHEIDSPERPARATE

TABAC- SKEERPREPARATE VIR MANS

Kom oortuig uself van ons onoortreflike diens

FOON 4201

TOMSTRAAT 92.

Groot genoeg om te bedien — Klein genoeg om u te ken.

Geniet

**WILLARDS-SKYFIES**

Asook

**KAASKRULLE, FLINGS, SPRINGMIELIES, en SKYFIES**

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

★ **BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING**

Nou OOK

'n wye keuse vir

★ **PLATE**

by

**PRO REGE-PERS BEPERK**

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.

# Studente: 'n geslag van verskopte dwerge

Neels Smit

**JY HET INGESTEM om 'n artikel te skryf. Maar jy weet nog nie waaroor nie. Jy hink eers op 'n paar gedagtes. Dan besluit jy op titels. (As 'n titel vaartbelyn genoeg is, kan dit selfs 'n onverwagte sleutel tot een of ander aktualiteit word). Jy trek 'n vel papier nader en begin skryf: „Die nuwe Priesterorde van Terroriste" (met die sogenaamde „Theology of Revolution" in gedagte); „'n Maanlanding op die A.S.B.-kongres" (gedagtig aan die vorige Kongres); „Verskoptes onder die Son" (as gevolg van die nuutste skorsing van Suid-Afrikaanse lidmaatskap op 'n internasionale organisasie, aldus die Nuus om Nege); en terug na die tuisfront: „Die vrolike Partisane van Potchdam". Maar dit help nog nie. Dit bly maar middelmatig.**

En omdat ek onder die somber indruk van die middelmatigheid van my aanslag gekom het, het dit my sonder meer laat besluit om oor middelmatigheid te skryf. Nie ander se middelmatigheid nie. **ONS** middelmatigheid. Daardie eenselwige, vaal, brak kol nadat die koffiekanspitsvondighede (wat self ook brakkerig was) opgedroog het.

**Kleurlose massa**

Want dit is waarvan ons beskuldig word: dat ons jeug 'n kleurlose massa sonder persoonlikheid is, sonder 'n eie stem, 'n nuwe geslag sonder identiteit, plesiersugtig, traak-my-nie-agtig. (Hierdie uitdrukkings kom uit 'n paar toesprake wat die afgelope twee jaar voor studentegehore gehou is.)

Ek wil nie pontifikale uitsprake (soos prof. P. D. sou sê) waag nie, maar hierdie aanklagte teen ons as studerende jeug is ongetwyfeld nie geheel en al sonder grond nie. Hierin is 'n hele boel waarheid. Immers, dit kan 'n mens sekerlik ook te wagte wees in so 'n lui-lekker samelewing as dié waarin ons getoë is.

**En as die wind van voor kom (soos bv. die internasionale druk om Suid-Afrika uit te skop en te isoleer), dan is daar uit die aard van so 'n samelewing se welvaart en gemaksug min grond vir die handhawing van eie indentiteit. En 'n jeug wat hiermee gekondisioneer sou word, sou vanselfsprekend 'n jeug van verskoppelinge word.**

Dit aan die een kant, maar aan die ander kant word sóveel wat vandag van oor die see na ons aangewaai kom, deurspek met die gesindheid van terrorisme, dat ook hierdie nuwe priesterorde invloed moet hê — wel dan in 'n gewysigde vorm. Want kleurloosheid moet noodwendig 'n vrugbare oorplantingsbodem vir allerlei ongewenste kleure wees, en omdat laasgenoemde dus nie in 'n antitese met ander kleure geplaas kan word nie, word dit lustig en sonder voorbehoud geabsorbeer tot ontaarding na 'n bont mengelmoes.

**„Heerlike studentedae"**

En is dit ook nie so dat iets van hierdie beweerde kleurloosheid en pitloosheid dikwels op ons saamtrekke en kongresse tot uiting kom nie? Ons kom bymekaar, maar wat dan? Weer 'n cul de cas? Nee, tog nie, daar is nog 'n uitweg: ons volg die voorbeeld wat ons gestel word en ons analiseer naarstiglik toestande en situasies — sonder om 'n oomblik te dink aan: „en hiervandaan verder?" „hoe sou die konkrete eise van die praktyk daar uitsien?"

**En dan meen ons almal met 'n sug van tevredenheid dat ons deur nog 'n kongres tot „groot hoogtes" gevoer is. En niemand kom agter dat ons oor die maan gestap het nie: eenselwige rotse, niksseggende gate, roerlose vlaktes.**

Om hierdie een-dimensionele prentjie van middelmatigheid te voltooi, mag 'n mens nie nalaat om terug te keer na die tuisfront nie. En dit bring jou by 'n kursoriese oorsig oor die Vrolike Partisaan se „heerlike studentedae", waarna hy oor vyf jaar vorentoe lipsmakkend sal verwys. Soggens opstaan (behalwe Sondae), klas toe (nie altyd nie), dan die koffiekan, 'n bietjie sleep, 'n bietjie plesier by Impala, 'n laaste botteltjie kultuur, en dan Bult-apteek toe vir 'n handvol wakkerblypille. Drie weke voltyds blok. Aprilmaand word die graad toegeken.

**Sal ons voortploeter in die platvloere? Sal ons voortgaan met 'n oppervlakkige beskrywing van oppervlakkighede? Of sal ons na die horisonte kyk?**

**Markante tema**

Daar word van ons gesê dat ons

● Vervolg op bladsy 3

# Uit die Woord

## Verwonderd of gelowig

*Lukas 9 : 42—45: „En almal was verslae oor die majesteit van God".*

*Jesus het sopas van die berg van verheerliking afgekom — daar was Hy in die voorportaal van die hemel gewees. Hier lees ons in skreiende kontras daarmee van 'n maansieke kind en van mense wie se geloof nie verder reik as hulle gesig en wie se begeertes nie buite die sirkel van hul aardse belange deurbreek nie. En as Jesus die ongeloof van die skare opmerk sê Hy: „Bring jou seun hier. En toe hy nog aankom, skeur die duiwel hom en laat hom stuiptrekkings kry. Maar Jesus het die onreine gees bestraf en die seun genees en hom aan sy vader teruggegee. En almal was verslae oor die majesteit van God".*

*Die volk is verslae oor hierdie wonder. In hulle ongeloof het hulle getwyfel of Jesus wel die mag sou hê om hierdie sterke bose gees te oorweldig, want die dissipels kon dit immers nie reg kry nie.*

*Voorwaar, 'n wonder van onse Here Jesus Christus. 'n Kind wat vallende siekte het van sy geboorte af en wat niemand nog kon genees het nie, selfs nie die dissipels nie. Nou openbaar Jesus, die Seun van God, sy almag en Hy genees ver- die maansieke kind. As die wonder voor die skar... afspeel lees ons dat hulle verslae en verwonderd was ...erdie ver- wondering moet ons sien teen die agtergr... van die volk wat die huis van Israel se verwagting van 'n aardse Mes... dit nou nie in hulle Dawid weer sou oprig. Hoe pragtig ... ssiasryk in nie! geliefkoosde voorstelling van die ... wegneem. Hoe geskik is sy*

*Maar Jesus wil hierdie v...n ... dan nie? „Bewaar hierdie woorde tweede lydensaankondigin... in julle ore, want die seun van die mens sal oorgelewer word in die hande van die mense".*

*Nou juig hierdie oppervlakkige, ongelowige skare oor die wonders van Jesus. Spoedig sal hulle ook onder dié staan wat skreeu „Kruisig Hom, kruisig Hom!"*

*Dit help dus niks om uiterlik verbaas of verwonderd te wees oor die groot dade van God nie. Dit help nie om verwonderd te staan by die kruis op Golgotha nie en te sien dat die Lam van God sy bloed vergiet nie. Verwondering is nog nie geloof nie! Geloof in die soendood van onse Here Jesus Christus, waarborg aan ons die vryspraak en die genadige vergewing van ons baie sondes en nie verwondering nie.*

*Die vraag van God se Woord is, verstaan jy die wonder in die geloof? Bevorder die wonders van God jou geloof in Christus Jesus? Raak die wonder van die Woord van God jou nog in jou sielelewe?*

*„Want nog 'n klein tydjie, en Hy wat kom sal nie versuim nie. Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie. Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe" (Hebr. 10 : 37—39).* *A.S.M.*

# BELEIDSVERKLARINGS VAN S.R.-KANDIDATE

**FANIE COETZEE**

1966/67: THALIABESTUUR (Add. Lid)
Die Pukkie (Sirkulasie-bestuurder)
A.S.B.-Bestuur (Add. Lid)
A.B.K.K. (Organiseerder)
1967/68: THALIA (Toerleier)
Die Pukkie (Redakteur)
A.B.K.K. (Sekr.)
P.N.B. (Add. Lid)
1968/69: THALIA (S.R.-Verteenwoordigers en Publisiteitsbeampte).
P.N.B. (S.R.-Verteenwoordiger)
A.B.K.K. (Thalia-Verteenwoordiger)
STUDENTERAAD.
1969/70: A.S.B.-Hoofbestuur (Dir. Afrika-Aangeleenthede)
P.N.B. (Voorsitter)
STUDENTERAAD (o.-voorsitter).
1970/71: A.S.B.-Hoofbestuur (Dir. Buitelandse Studentebetrekkinge).

**Beleidsverklaring**

„Om 'n beleidsverklaring in 'n paar woorde weer te gee roep 'n byna bomenslike taak na vore. Daarom sal ek my uitdruk en bepaal by die volgende paar woorde:

Die beginsel bepaal immer die beleid en die beleid waarop ek my stel en waarvoor ek my beywer is gebaseer, vir sover die beperkte insig dit moontlik maak, op die beginsels soos vervat in die Calvinisties-Afrikaanse lewens- en wêreldbeskouing. Op daardie beginsels poog ek om te staan ook vir hierdie taak en aanvaar ek die uitdaging van die diensmotief wat daaruit voortspruit.

Dit sal die uitgangspunt wees tot die nastreef van 'n hegter, altyd groter wordende, studentetal met die probleme wat met die uitbreiding van die getalle saamgaan. Dit sal ook die uitgangspunt wees ten opsigte van die beleid wat in die interuniversitêreverband waarin hierdie universiteit staan op studentevlak moet behels. Die P.U.-studentestem het in die verlede gewig gedra en in die toekoms het hy 'n altyd groter wordende verantwoordelikheid om te vervul.

In eie geledere moet aandag gegee word aan die samesnoering van die studentemassa sonder om massadenke, -optrede, en -chaos sonder oorspronklikheid in die hand te werk. 'n Eie lewenstyl wat ten uitdrukking kom in kleredrag en kampusgewoontes sonder om inisiatief te laat verlore gaan, smaakvolle optrede sonder voorskrifte wat inperk; dit is 'n ideaal wat nagestreef moet word.

Dit kan immers nie anders nie, ons staan in alles by ons leuse: In U Lig."

**KOBUS VAN DER WALT**

1968: Dagstudente-bestuur (sekr.)
Regsvereniging (penningmeester)
Virus (administratief)
1969: Dagstudente-bestuur (voorsitter)
Regsvereniging (voorsitter)
Virus (administratief)
1970: P.N.B. (ondervoorsitter)
Thalia (ondervoorsitter)
A.S.B.-komitee (voorsitter)
Studenteraad.
1971: A.S.B.-hoofbestuur.

**Beleidsverklaring**

Hoe klein voel ek as nietige mens voor so 'n groot verantwoordelikheid. Maar ek sal, waar dit van my verwag word, diens lewer na die beste van my vermoë. Ek sien die Studenteraad as 'n Raad van studente vir studente om die belange van die Pukke met nougesetheid en ywer te behartig en te vertroetel. Beleid kom neer op die toepassing van beginsels. Die beginsels waaruit ek lewe is die van die Calvinisme, gegrond op die Woord van God. Ek sal in my menslike swakheid en onvermoë poog om hierdie beginsels steeds te bly handhaaf en uit te bou.

**LEON WESSELS**

1968: K.V.V.
A.O.B.
1969: A.O.B. (voorsitter)
Alabama (voorsitter)
A.S.B.-komitee
Studenteraad.
1970: A.O.B. (voorsitter)
Alabama (voorsitter)
Karnavalkomitee (voorsitter)
Studenteraad.

**Beleidsverklaring**

- Ek onderskryf die grondbeginsels van hierdie universiteit, daarom kan daar in my benadering ook geen ruimte vir louheid of neutraliteit wees nie.
- As Afrikanerstudent wat deel is van 'n Afrikaanse studentegemeenskap, voel ek my één met die probleem en uitdaginge van die Afrikanerstudent.
- Dit sal my erns en opregte strewe wees om: diens te lewer aan dié studentegemeenskap én universiteit, en om uit te leef;

„Knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry."

# WIE KAN WAAR EN HOE STEM

**(1) Voorsitter van die Studenteraad:**

Alle persone wat massastemreg besit, d.w.s. wat stemreg het op een van die volgende hoofliggame nl. S.A.B., P.N.B., K.V.V., A.B.K.K. en S.S.B. mag stem vir die Studenteraadsvoorsitter. U kan uself vergewis of u stemreg het of nie deur die stemreglyste na te gaan.

**(2) Studenteraadsverteenwoordigers van die A.O.B.:**

Alle persone wat massastemreg besit (sien 1 hierbo) mag stem vir die drie verteenwoordigers van die A.O.B. op die Studenteraad.

**(3) Studenteraadsverteenwoordigers van P.N.B., K.V.V., S.S.B., A.B.K.K., S.A.B.**

Alle persone wat stemreg het vir een van bogenoemde hoofliggame mag stem vir die drie Studenteraadsverteenwoordigers van daardie betrokke hoofliggaam waarby die persoon stemreg het; bv. indien 'n persoon se naam verskyn op die stemreglys van P.N.B. mag die persoon slegs stem vir die drie Studenteraadsverteenwoordigers asook vir die hoofbestuur van die P.N.B.

**B. HOOFLIGGAME**

**(1) A.O.B.**

Alle persone wat massastemreg besit mag stem vir die hoofbestuur van die A.O.B.

**(2) S.A.B., P.N.B., K.V.V.-BESTUUR, A.B.K.K. EN S.B.B.**

Alle persone wat stemreg het vir een van die besture hierbo genoem, mag stem vir die hoofbestuur van die betrokke hoofliggaam.

**C. ADDISIONELE STEMGEREGTIGDES:**

(1) Alle redaksielede van die Wapad, Pukkie (vorige termyn), en die Besembos mag stem vir die Studenteraadsvoorsitter.
(2) Alle lede van die Sentrale Karnavalkomitee mag stem vir die Studenteraadsvoorsitter asook vir beide die drie Studenteraadsverteenwoordigers en die hoofbestuur van die A.O.B.
(3) Alle lede van die komitees van die A.O.B. mag stem vir die A.O.B.-bestuur en die drie Studenteraadsverteenwoordigers van die A.O.B.

**WAAR KAN U STEM?**

U kan op Woensdag 2 September 1970 u stem uitbring in die Totiussaal vanaf 8.00 vm. tot 6.00 nm. U sal die verskillende stembusse van die hoofliggame binne vind. By elke stembus van die hoofliggame sal u ook die stembriefies ontvang vir die verkiesing van die Studenteraadsverteenwoordigers van die hoofliggame.

**HOE MOET U STEM?**

U sal volle besonderhede oor hoe u moet nommer vir die daarstelling van u keusevolgorde op die stembriefie vind.

# Studente: Verskopte dwerge

• *Vervolg van bladsy 2*

geslag oor so twintig jaar die identiteitskrisis van ons volk èn van Suid-Afrika sal moet oplos. En daarvoor sal ons sekerlik diep moet nadink oor ons eie identiteitswaarde en die behoudingskrag daarvan.

Kyk maar na die moderne literatuur waar die kwellende indentiteitsvraag tot 'n markante tema ontwikkel het. „Wie is ek?" „Wat maak ek hier?" So baie was in die jare sestig bereid om al wat „jong" skrywer is te kruisig vir sy aandeel in die genadelose oopvlek van die verwording in ons dag, en so min was bereid om die skalpel deur te druk tot die hart van die volk.

Want hierdie identiteitsvraag is nie tot Etienne Leroux se „briljante enkeling op die ashoop" beperk nie, dit is die sigbare uitdrukking van wat onder die oppervlakte in 'n ganse volk woel.

Al slaan ons mekaar met kieries oor die kop om op A.S.B.-kongresse te toon wie die mees Calvinistiese is, sal dit alles tog weinig baat in die suiweringsproses tot 'n eie identiteit. As ons geen eie stem laat hoor op ons A.B.K.K.'s, ons K.V.V.'s, ons A.O.B.'s nie, as ons nie in staat is om van ons massavergaderings 'n lewendige, aktuele debatsforum te maak nie, dan sal ons met geen reg daarop aanspraak kan maak dat gesaghebbendes na ons moet luister nie — want daar sal eers gevra word of ons na onsself kan luister.

Of: as ons almal heerlik aan't prate raak oor ons universiteit se Christelike wetenskapsbeoefening en ons het Sondagoggende nie eens die energie om op te staan vir kerk nie, hoe sal ons dan van ons dosente 'n konsekwent christelike benadering in die onderskeie wetenskappe kan eis?

As ons dit wat ons geërf het nie van vooraf weer opnuut **verwerf** nie, sal daar nooit sprake kan wees van 'n eie indentiteit nie. Dan sal ons nooit nuwe rekenskap kan gee van Afrikanerskap, en van Suid-Afrikanerskap nie.

**Want ons sal dan alles oorlaat aan die ander, die organisasie, die komitee, die kommissie, die party, die regering. Só sal ons onvermydelik vir onsself 'n staatstotalitarisme en ander gedrogtelike ismes skep.**

Ten Slotte: toegegee, dit alles is een-dimensioneel gesien, maar 'n dimensie wat sekerlik verdien om op gelet te word. In die geheel gesien is die horisonte rondom ons nie só donker nie. Ons is tog mos nie 'n geslag van dwerge nie!


Vier u groot geleentheid met Rentmeester

'n Verlowing. Bevordering. Huwelik. Baba. Elke lewe het sy groot oomblikke. Hoe kan 'n mens jou geluk 'n bietjie meer permanent maak? Raadpleeg Rentmeester. Elke Rentmeester-polis beteken 'n bestendiger toekoms. Vier dus u volgende groot geleentheid met Rentmeester. Dan is u van lewenslange gemoedsrus verseker.

Rentmeester
VERSEKERAARS BEPERK
Hoofkantoor: Rentmeestergebou, Bosmanstraat 219, Pretoria. Tel. 3-1258
VOLLEDIGE BEPLANDE LEWENSVERSEKERING VERSKAF GEMOEDSRUS

A. VORSTER APTEEK
Octron-gebou
Lombardstraat
VIR VINNIGE AFLEWERING
SKAKEL 7074

DIE
INSLEEP RESTAURANT
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

BENODIG:
ORGANISEERDER
Aansoeke word ingewag vir die pos van voltydse Organiseerder van die Afrikaanse Studentebond.
**Die sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 11 September 1970.**
Aansoeke moet gestuur word aan:
**Die Organiseerder,**
**Afrikaanse Studentebond,**
**Posbus 8711,**
**JOHANNESBURG.**
**Salarisskaal:** R3000 x 150 — 4050. (Die Hoofbestuur behou hom die reg voor om die salarisskaal van die suksesvolle applikant na goeddunke te bepaal volgens kwalifikasies en ondervinding).
**Verlof:** 30 dae per jaar, R200 jaarlikse vakansiebonus.
**Vervoer en verblyf:** Suksesvolle applikante maak van eie motor gebruik. Reiskoste bereken teen 9 sent per myl. Verblyfkoste word betaal.
**Kwalifikasies:** 'n Baccalaureus-graad of toepaslike naskoolse kwalifikasies is 'n aanbeveling.
**Applikante moet in die aansoeke melding maak van opleiding of ondervinding m.b.t. Organisasie, skakelwerk, boekhouding, die ASB en die georganiseerde studentelewe.**
Aansoeke moet vergesel wees van die name van 3 persone na wie verwys kan word.
Applikante moet bereid wees om, indien dit nodig is, hulle vir 'n onderhoud by die Hoofkantoor aan te meld.

# A.B.K.K.



**L. J. F. (LEON) DU PLESSIS**
B.Comm. II 1969

1969: Wapad redaksie
1970: Retoriese Vereniging (sekretaris penningmeester)
Karnavalkomiteelid
Rhodesiese Vereniging (voorsitter).

**Beleidsverklaring**

Ek is bereid om met die gawe waarmee ek toebedeel is, hoe gering ook al, die kuns en kultuur van die Suid-Afrikaanse student te bevorder en te help uit bou tot die beste van my vermoë, op 'n Christelike grondslag.



**I. P. (ZAK) FERREIRA**
B.Jur. et Art. III 1968

1969: Wapadredaksie
Virus (administratief)
Trampolienklubkaptein.
1970: Retoriese Vereniging (organiseerder).

**Beleidsverklaring**

In geval van verkiesing sal ek na die beste van my vermoë my beywer vir die aanbieding van populêre studente aktiwiteite en vermaak asook die uitbouing van die kuns- en kultuurbelange onder die Puk- en Suid-Afrikaanse studente.



**J. (JORNIE) JORDAAN**
B.A. II

1970: Karnavalkomitee
Penningmeester Alabama.

**A. P. (AALWYN) KRAAMWINKEL**
B.Comm. III 1968

1969: Reklame komitee
Virus
Skakelkomitee Afrikaanse Handelstudente (voorsitter)
1970: Reklamekomitee (voorsitter)
A.B.K.K.-hoofbestuur
Sentrale Karnavalkomitee
A.B.K.K. Interkoshuiskomitee
Huiskomitee (Over de Voor)
Thalia-bestuur
Ekonomiese Vereniging



(voorsitter).
Genomineer vir: A.B.K.K. — S.R.-verteenwoordiger en A.O.B.

**Beleidsverklaring**

Met soetklinkende en lieflike woorde wil ek u niks belowe nie, al wat ek aanbied is my diens — wat ook tot dusver my uitgangspunt was in die studentelewe.



**F. (FRANS) KRUGER**
B.Jur. et Art. II 1969

1969: Alabama Toergroep
1969/70: Alabama-bestuur
A.O.B.-bestuur
Feeskomitee.

**Beleidsverklaring**

Beleid kan slegs geformuleer word aan die hand van beginsels; ek stel my op die grondslag van die P.U. vir C.H.O. en sal my vir die uitbou daarvan beywer, met as enigste motief die diensmotief aan die studente en hulle belange.



**L. H. (LEO) VAN SCHAIK**
B.A. III 1967

Over de Voor.
1968: Sentrale Karnavalkomitee.
1969: A.B.K.K.-hoofbestuur
Sentrale Karnavalkomitee.
1970: A.B.K.K.-hoofbestuur.
1970/71: Pukkie-redakteur.

**Beleidsverklaring**

'n Beleid spruit voort uit beginsels; die beginsels waaruit my beleid geformuleer word is die van die P.U. vir C.H.O. nl. die van die Calvinisme — uit die Woord van God word die riglyne gevind.

Die studentelewe van die Puk is op hierdie riglyne gevestig, daarom sal dit my taak wees in die A.B.K.K. of A.O.B. om dit in my menslike swakheid te handhaaf en uit te bou. Diensmotief en behartiging van studentebelange is vir my primêr.

# A.O.B.

**C. DE W. (TIAAN) COETZEE**

Komitees:
1970: A.O.B.-bestuur
Karnavalkomitee
P.U. Rugbyklubkomitee
Studenteraad.



**Beleidsverklaring**

Om nie 'n student te wees nie is 'n kuns, maar om ware student te wees nog 'n groter kuns.

In die lig hiervan my deel by te dra, binne die beginselterrein van ons universiteit, deur my mede student te dien en om hom of haar 'n ware student van Pukke-land te help maak.

Aan Hom die lof en eer.

**A. P. (AALWYN) KRAAMWINKEL**



**M. W. (NICO) LIGTHELM**
B.A. II 1968

1969: A.O.B.-spelekomitee.
1970: Besembos-redaksie
Goue Kandelaar-redaksie
Fotografiese Vereniging (sekretaris).

**Beleidsverklaring**

Eerstens poog ons, elke student op die Puk, om die Calvinistiese grondslag waarop hierdie Universiteit gebou is, te bevorder en steeds verder uit te bou.

As dit kom by ontspanning, beywer ons ons vir die essensialia van ontspanning, aangesien daar niks is wat van meer waarde is vir ons studente om 'n studentegees te bou nie, as juis ontspanning nie. Want dit is ook lekker om nie net 'n gesonde liggaam te hê nie, maar ook 'n gesonde gees. Daarom sal en moet ontspanning altyd meer en meer aandag geniet.



**O. S. H. (OCKIE) RAUBENHEIMER**
B.A. II — 1969

A.B.K.K.
1970: Thalia (toerlid).
1971: Thalia (toerlid).
A.O.B.
1970: Hoofdirigent
A.O.B.-komitee.

**Beleidsverklaring**

Graag wil ek die massa bedank vir die vertroue in my gestel en wil ek van hierdie geleentheid gebruik maak om te probeer 'n diens te lewer aan, my medestudente.

Ek sal poog om my beste te lewer te alle tye en om die beginsels van die P.U. vir C.H.O. uit te bou „In U Lig".



**CHRIS SCHOEMAN**
B.Jur. et Art. III

Sekretaris N.A.F.S.A.S.
A.O.B.-hoofbestuur
P.N.B.-hoofbestuur
Huiskomitee Hombré.

**Beleidsverklaring**

Gesien teen die agtergrond van die probleme van die afgelope dekade asook die uitdagings van die sewentigerjare is dit 'n voldonge feit dat die oplossing van hierdie probleme in 'n groot mate sal rus op die jeug. As uitgangspunt behoort die jeug in die eerste plek te werk na 'n beter verstandhouding en wederkerige respek. Die mees praktiese manier om dit te bewerkstellig is deur konstruktiewe dialoog. In die geval van my verkiesing sal dit my uitgangspunt wees.



**J. K. (KRUGER) VAN DER WALT**
B.A. III 1969

1968: Ingeskrewe student aan Universiteit Pretoria.
1970: Karnaval-komitee.
1970: Alabama-toergeselskap.
A.O.B.-kandidaat.

**Beleidsverklaring**

- My leuse is vooruitgang — vooruitgang in elke opsig; maar vooruitgang in die regte rigting. Dit is my strewe om die ligte kant van elke Puk-student se universiteitslewe na die beste van my vermoë uit te bou. Ek sal my beywer om steeds die naam en tradisie van ons Alma Mater na buite uit te dra, en om „In U Lig" al my doen en late te laat geskied.

**S. J. (KOBUS) VAN DER WALT**

**Beleidsverklaring — A.O.B.**

As dit kom by ontspanning is die Pukke almal fynproewers. Daarom sal ek poog om vanjaar die Pukke te laat drink aan die keur van ontspanning — diep teue van spontane, jeugdige lewensvreugde.

**L. H. (LEO) VAN SCHAIK**



**I. J. V. (KOOS) KRUGER**
B.A. III

1967: J.V. Deo Gloria-organiseerder.
Huiskomitee Makouvlei.
1968: Huiskomitee Makouvlei.
1970: Radio-Rama-komitee.
Burgemeester van Tarentaal.
Primarius Makouvlei.

**Beleidsverklaring**

Ons staan in 'n tyd van ontwikkeling met steeds groeiende studentetalle op die Puk. 'n Gebalanseerde studentelewe het nog altyd bygedra tot positiewe en suksesvolle resultate.

Met dit in gedagte is ons oë gerig op beplanning en verbetering van die reeds bestaande ontspanning. Om saam te kan geniet verenig groot groepe tot 'n hegte eenheid. Die vooruitsigte vir die termyn '70—'71 is die toevoeging en uitbouing van sing-songs, gekombineerde intertees met dit wat die studente na aan die hart lê, om verder nie eers te dink aan al die groot feeste nie. Dié betoog lê in die geloof en verwesenliking van alles dienooreenkomstig.

# K.V.V.



**V. (VORSTER) COMBRINK**
B.A. III 1968

1969/70: K... V.V.-bestuur.


Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92
Telefoon 5038





Die winkel waar
die kieskeurige
dames koop.

**Beleidsverklaring**

„'n Student is verwaand en weet baie min". Nogtans sal ek poog om op hierdie vlak van die studentelewe my roeping te vervul. Korps se ideaal om die Calvinisme onder die studente uit te bou, sal ek poog om steeds na te streef. Indien u my verkies, sal diens aan die studentegemeenskap ook my beskeie voorreg en verantwoordelikheid wees. „In U Lig sien ons die Lig".



**L. M. (LOURENS) DU PLESSIS**
B.Jur. et Comm. III 1968

1968/69: Penningmeester Korps V.V.
A.B.K.K.-Retoriek
Nuusredakteur van „Die Wapad".
1969/70: Studenteraad Korps V.V.
Voorsitter Korps V.V.
A.S.B.-komitee.
S.R.V.P.-bestuur.

**Beleidsverklaring**

Ek beskou elke lid van hierdie studentegemeenskap as 'n kleurryke individu — iets minder as 'n individualis. Indien elkeen se individualiteit gestimuleer en gekanaliseer kan word op so 'n wyse dat hy hom betrokke voel by die georganiseerde studentegemeenskap, voorsien ek 'n ongekende bloei in die studentelewe. Hierop baseer ek my strewe.

In dit alles wil ek, sonder om te skroom, my vereenselwig met die beginselgrondslag van die P.U. vir C.H.O. maar boweal nog, dié van Gods Woord.



**J. R. (JOHAN) PRELLER**
B.Jur. et Art. III 1968
1969: Sportredakteur, Die Wapad.
1970: Skrywerskringbestuur.
Subredakteur, Die Wapad
[illegible]ur: Korps Veritas Vincet.

**Beleidsverklaring**

My beleid fundeer ek op die grondslag van die Calvinisme soos dit ook deur Korps na buite uitgedra word. Oorwegend uit hierdie grondslag tree die diensmotief sterk na vore: om altyd jou roeping *in* diens van God *tot* diens van die gemeenskap uit te leef. In hierdie uitlewing kan die beginsel van *realisme* nie sterk genoeg beklemtoon word nie. Die belange van die massa moet altyd in die lig van hierdie beginsels nagestreef word.

In swakheid sal ek dit probeer doen.

**D. J. (DAWIE) SWANEPOEL**
LL.B. I — 1966

1969: Wapadredaksie.
1970: Hoofredakteur „Die Wapad"
Dorpsverenigingsbestuur.

**Beleidsverklaring**

• Korps het die afgelope termyn weer eens bewys dat dit wel 'n bestaansreg op die Puk het. Ek sal



my beywer om die taak en doelstelling daarvan steeds uit te bou.

• Politiek is 'n aspek wat ons lewe ten nouste raak. In die Suid-Afrikaanse bevolkingsvraagstuk is 'n groter bewuswording van hierdie probleme noodsaaklik en ook die metodes waarop dit prinsipieel benader moet word. Hierin sien ek die taak van die P.N.B.



**S. J. (SAREL) VAN DER MERWE**
B.A. III 1968

1968/69: P.N.B.-penningmeester
Korps V.V.-bestuur.
1969/70: Korps V.V.-bestuur
Wysgerige Vereniging (voorsitter).

**Beleidsverklaring**

Ek sal poog om die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing altyd dieper en meer te begrond — ook as u my in hierdie posisie sou verkies. Korps V.V. het mooi ideale en op die pad wat die afgelope termyn begin is, sal voortgegaan word. Hiertoe wil ek ook graag my beskeie deel bydra.



**MEJ. L. J. (LOUISA) VAN DER VYVER**

B.A. III 1968

1968: Eerste span hokkie
Klawerhof vlotkomitee.
1969: Addisionele lid Pukkie-redaksie
Klawerhof vlotkomitee.
1970: Addisionele lid Pukkie-redaksie
Sosiale redaktrise Wapad
Sekretaresse Karnavalkomitee.

**Beleidsverklaring**

Die bereidwilligheid om te staan as Korpsverteenwoordiger impliseer lojaliteit jeens Korps in alle opsigte.

# P.N.B.

**J. A. (KOBUS) BOOYENS**
B.Jur. et Comm. III 1967

1968: Karnavalkomitee.
1969: Karnavalkomitee
Virus (administratief).
1970: Karnavalkomitee
A.S.B.-komitee
P.N.B. (sekretaris)
Regsvereniging (o.-voors.)
Huiskomitee (Over de Voor).



**Beleidsverklaring — P.N.B.**

Die politiek in die sin van die akademiese politiek behoort 'n wesentlike aspek van die Afrikaanse student te wees om hierdie rede is die taak van die P.N.B. om 'n politieke bewustheid te skep. Om daarna die nodige te verskaf by wyse van programvergaderings en vlugskrifte en sodoende 'n geestelike weerbaarheid te skep teen vreemde politieke ideologië.



**J. H. C. OOSTHUIZEN**

**Beleidsverklaring**

Politici maak gewoonlik beleidsverklarings waaraan hulle hul nooit hou. Om dit te voorkom wil ek my weerhou van 'n lang uiteensetting en 'n menigte beloftes. Ek vertrou egter dat ek die verantwoordelikheid, as dit my te beurt mag val, sal kan verantwoord voor u as Pukke en ook voor my God, my enigste bron van krag en leiding.

**C. (CHRIS) SCHOEMAN**



**J. J. (WEE) VAN DER WATH**
B.Jur. et Art. III — 1968

1969/70: P.N.B.-bestuur.
1970: Over de Voor rugby-klubkaptein.

**Beleidsverklaring**

Voornemens is soos enigiets anders — jy kry daaruit wat jy daarin sit. My voornemens sal wees om die werksaamhede van die P.N.B. uit te voer en om dit te doen sal ek sake van aktuele belang asook verskillende politieke sieninge (nie alleen partypolitiek nie) objektief aan die massa probeer bring.

**L. (LEON) WESSELS**

# S.A.B.

**J. A. (KOBUS) BOOYENS**

**Beleidsverklaring**

Om in hierdie stadium 'n volledige beleidsverklaring te doen sou na my mening bykans onmoontlik wees. In die 1970/71 termyn moet gepoog word om die S.A.B. op 'n vaste grondslag te plaas waarop in die toekoms voortgebou kan word.



**J. (BOTTER) BOTHA**
Th.B. I — 1967

1968/70: Redaksie van „Die Besembos".
1970: Hoofredakteur van „Die Besembos".
1969: Hoofbestuur van Florna.
Hoofredakteur van „Die Goue Kandelaar" vir 1971.

**Beleidsverklaring**

Met die pasgestigte S.A.B. is daar nou 'n hoofliggaam vir elke faset van studentelewe op die Puk, verteenwoordig op die S.R. Sport, politiek, kuns en kultuur, ontspanning en akademie. Laasgenoemde hoofbestuur stel homself ten doel, soos die ander: koördinasie van al die verenigings. Maar die belangrikste: die bevordering van die wetenskap „In U Lig". Dít onderskryf ek met alle mag. Laat ons as studente hierdie hoë roeping vervul. Veral in hierdie tyd!



**G. M. J. (GERRIE) DU PREEZ**

1969: Eerstejaars Ontheffingsdineekomitee
Huiskomitee.
1970: Huiskomitee
Karnavalkomitee
Huishoudkunde Vereniging (voorsitter).
1971: Huishoudkunde Vereniging (voorsitter).

**Beleidsverklarings op bladsy 6.**

**J. L. (KOBUS) KOTZÉ**
B.A. III — 1968

Besture:
1968, '69, '70: Geskiedenis vereniging
Suidwes Vereniging.
1970: Karnavalkomitee
Interkoshuiskomitee (o.-voors.)
Huiskomitee.



**B. (LIEP) LIEBENBERG**
**B.Sc. Industriële Chemie IV 1967**

1968/69: Dagbestuur van V.I.C.S.
1970: Voorsitter van V.I.C.S.
Genomineer vir die Sentraal-Akademiese Bestuur-verteenwoordiger.

**S. J. (SAREL) VAN DER MERWE**

# S.S.B.

**TIAAN COETZEE**



**HENNIE COETZEE**

**TRIENA ROESTORF**

**JOHAN VAN DER WATH**



**G. A. (GAWIE) VAN ECK**
B.A. III

1970: Kaptein P.U.-atletiekklub
Kaptein P.U.-landloopklub.
Penningmeester S.S.B.
Wes-Transvaal Landloop-unie (o.-voorsitter).
1969: Atletiekbestuur
P.U.-landloopklub (sekretaris)
Wes-Transvaal Landloop-bestuur.



**D. L. (DAWID) VAN ROOYEN**
B.A. (PW) IV

1969/70: S.S.B.
Krieketklubbestuur
Wapadredaksie
Huiskomitee Hombré
Diskoteekkomitee.



**J. P. (JACQUES) VERSTER**
B.Jur. et Art. III 1968

1968, 1969, 1970: Wes-Tvl. Kleure Gimnastiek.
1970: Gimnastiekklub (sekretaris)
Wapad-redaksie
S.S.B.-hoofbestuur.

Scapino:

# 'N KYKIE IN DIE MENS SE JAKKALSSTREKE

**DIE DEPARTEMENT Spraakleer en Drama van die P.U. bied vanaf 14 tot 19 September die klug „Jakkalsstreke van Scapino" onder spelleiding van Elize Scheepers in die Totiussaal aan.**

„*Jakkalsstreke van Scapino*" is die werk van Molière waarin sy beïnvloeding deur die *Commedia dell' Arte* die duidelikste na vore kom. Die *Commedia dell'Arte* was 'n volksteater wat sy ontstaan teen die helfte van die 16e eeu in Italië gehad het. Die uitstaande kenmerk van die Commedia was dat dit hoofsaaklik berus het op improvisasie. Die toneelspelers het van dorp tot dorp gereis en slegs met 'n basiese komiese karaktertipe in gedagte, verhale geïmproviseer.

Tipiese karaktertipes was die harlekyn wat met sy skelmstreke sprankeling aan die verhaal verleen het, die twee tradisionele vaders, Pantalone en Dottore wat met sy misplaaste wysgerige uitlatings die teatergangers vermaak het.

## Verteenwoordigend

In „*Jakkalsstreke van Scapino*" kry ons verteenwoordigend van die tradisionele karakters byvoorbeeld die twee vaders, Geronte en Argante, Scapino as die Harlekyn, die twee verliefde jongmans Leandro en Ottavio en hulle twee minnaresse die sigeunerin, Zerbinetta en die verfynde Giacinta.

Die departement drama probeer in hulle aanbieding om die gees van daardie tyd te behou deur gebruik te maak van tipiese Barokmusiek, spelstyl, kostumering en dekor. Verder gaan daar in die voorprogram gebruik gemaak word van swaardgevegte en akkrobate wat tipies was van daardie tyd. Die spelstyl is oordrewe en soms uiters lagwekkend.

## Verhaal

*Die verhaal:* Leandro en Ottavio word in die sorg van hulle bediendes Scapino en Silvestro gelaat terwyl hulle vaders Geronte en Argante vir 'n onbepaalde tyd op 'n reis vertrek. Die twee jongmans raak halsoorkop verlief en trou sonder die medewete van hulle vaders wat reeds vooraf hulle huwelike vir hulle beplan het.

Die ontydige terugkoms van hulle vaders veroorsaak groot probleme, want laasgenoemdes wil met alle geweld die huwelike laat ontbind. Die res van die verhaal sentreer om die slinkse wyses waarop Scapino met sy jakkalsstreke probeer om die vaders te verhoed om die huwelike tot niet te maak.

Die wending in die intrige kom wanneer Nerina, kindermeisie van Geronte se dogter wat hy by 'n tweede vrou in Toronto gehad het, Giacinta, en wie hy in gedagte gehad het vir sy vriend Argante se seun Ottavio, op die toneel verskyn en bekend maak dat sy reeds die dogter laat trou het met Ottavio, onwetend dat sy die regte ding gedoen het.

## Galg

Leandro spoor 'n armband van sy geliefde Zerbinetta op en dit word duidelik dat sy eintlik die dogter van Argante is met wie Geronte sy seun wou laat trou. Alles is dus opgeklaar, maar dit maak geen verskil aan die woede wat Argante en Geronte vir Scapino koester nie en om sy eie bas van die galg te red, eindig die klug met nog 'n slinkse jakkalsstreek van Scapino.

In die algemeen kan gesê word dat daar in hierdie aanbieding gepoog word om die toeskouer 'n kykie te gee in die weelderige tydperk van Lodewyk XIV en om hom terug te voer na die komiese wêreld van Molière wat so sterk beïnvloed is deur die nog komieser Commedia dell'Arte.

Verder word daar gepoog om elke toeskouer deel te maak van 'n feestelike gebeurtenis en om aan hom of haar die **geleentheid te** bied om daardie eie jakkals wat daar iewers in hom **skuil vir twee** uur of so te laat ontsnap. Die plekbespreking het reeds geopen en dit kan gedoen word by Pro Rege-Pers.

# DIRIGENTE SÊ DANKIE

**NOU kan ons werklik sing, „O, die Pukke is so vrolik, O die Pukke is so bly". Ja, Intervarsity 1970 is iets van die verlede maar die aangename herrinneringe daaraan sal ons nog lank by bly. Pukke baie dankie vir die goeie gees en die lekker saamsing. Ons het weer bewys dat daar niks met die PUK gees skeel nie en dat ons nog kan geesvang en lekker sing. Ons sien uit na volgende jaar! Aan die arme Kovsies:**

**Harra Harra Harra Oe Hoe! !**

**Ockie en Koos.**

**SOMER- EN WINTERMATERIALE**

van die beste gehalte

Spesiale afslag aan studente

**BAILLIE PARK NAALDWERKSENTRUM**

**Holtzhausenstr. Bailliepark Tel. 8321**

**PARADISE RESTAURANT**

- **Dié kafee op die Bult met lugverkoeling**
- **dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,**
- **EN SNOEKER SPEEL!**

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WORD AFGELEWER

**Tomstraat 86 Tel. 5474**




Die tekens is almal **daar: die** vriendelike groetery deur daardie ou wat jou nooit voorheen raakgesien het nie; die druppende kameraadskap; en die vrylike omloop van sigarette. Ja, die tweede September is voor die deur.

Julle wie se foto's vandag hier in Die Wapad pryk, julle met die mooi-klinkende beleidsverklarings, julle wat staan op die eerste trappie van sukses, julle wat streef na hoër ideale, o, julle witgepleisterde grafte, dink julle ons, die arme **gewone** studente, weet nie wat in julle rondmaal nie; dink julle ons, die **gewone** studente is nie bewus van die lae houe wat julle uitdeel **nie?**

Julle arme drommels wat wanhopig reik na die sterre, julle patetiese figuurtjies wat naarstiglik poog om 'n waardige houding aan te kweek, julle wat besig is om na status te gryp, julle wat besig is om julle stywe nekkies te breek in die **rat race** na roem en eer, julle vervul my met patos.

Besef julle dat julle inderdaad net so effens belaglik is?

Ek doen 'n beroep op jou, die kandidaat-vir-wat-ookal: gaan staan 'n oomblik stil, dink na en besin, man! Verander jou benadering. Wees realisties. Sluk jou glimlag en laat die ander hul eie sigarette rook.

Ek doen ook 'n beroep op jou, die dame-in-watter-koshuis-ookal: moenie vir die mooiste ou stem nie, moet ook nie vir die ou stem wat 'n moederinstink by jou opwek nie. Stem vir die regte man. Wees realisties.

'n Laaste woord aan die eerbiedwaardige menere van die uittredende Studenteraad: ons het mooi gekoördineer. Baie dankie daarvoor. Volgende keer gesels ons openlik, van aangesig tot aangesig.

# *Beleidsverklarings*

• *Vervolg van bladsy 5*

**G. M. J. (GERRIE) DU PREEZ**

**Beleidsverklaring**

Met die stigting van die S.A.B. bied die volgende termyn volgens my opinie 'n uitdaging. **Ingeval van my verkiesing sal ek poog om nouer skakeling onder die studente op akademiese en sosiale terrein te bewerkstellig. Ek sal verder poog om hierdie nuweling van die Studenteraad gedurende sy eerste termyn uit te bou op 'n gesonde grondslag wat sy bestaansreg as 'n hoofliggaam van die Studenteraad sal beklemtoon.**

**J. L. (KOBUS) KOTZÉ**

**Beleidsverklaring**

Hoewel nie uitsluitlik hier om te studeer nie hou ons as studente ons hoofsaaklik besig met die Akademie. In ons uitoefening daarvan, staan ons in 'n bepaalde verhouding tot die gemeenskap en hierin lê die belangrikheid, aangesien dit weer bydra tot die algemene ontwikkeling van die gemeenskapslewe.

Nuwe akademiese optredes moet dus steeds geskep word deur die studente, as komende uit 'n gesonde studentegemeenskap soos aangedui deur ons voorgangers en wel „In U Lig".

**B. (LIEP) LIEBENBERG**

**Beleidsverklaring**

**Vir hierdie nuwe hoofliggaam wat hom ten doel stel om die belange van die student in die verenigingslewe aan die P.U. vir C.H.O. te verbeter, wil ek my bereidwillig verklaar om daadwerklik toe te tree tot hierdie saak: die gees tussen student en sy vereniging, tussen alle verenigings onderling en die verhouding S.A.B. tot Studenteraad, asook die handhawing van 'n eie karakter deur elke vereniging op die kampus sowel as daar buite.**

**S. J. (SAREL) VAN DER MERWE**

**Beleidsverklaring**

**Waar hierdie liggaam sy eerste termyn betree, sal ek poog om ook hier die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing uit te dra, sodat ook die wetenskap „In U Lig" beoefen word. Om die S.A.B. op vaste grond te plaas en sodoende ook die akademiese verenigings se werksaamhede uit te brei, sal ek ook my beskeie deel wil bydra.**

**G. A. (GAWIE) VAN ECK**

**Beleidsverklaring**

Sover dit binne my menslike vermoë is sal ek probeer om die beginsels van die P.U. vir C.H.O. op Christelike grondslag na buite te dra op sportgebied.

Met die nuwe sportvelde in aan-

• *Vervolg op bladsy 7*

# OOR DIE ONDERDEUR

UIT die chaos van die eeue — lekker sinnetjie om te sê dié. Ek voel maar bra na chaos. Sal nie kan sê hoekom nie! Seker die toetse wat voorlê wat so 'n makabere invloed op 'n mens het! Ek hoop nie dit tref my mense — dis nou almal die verliefdes, verloofdes ens. — op die selfde wyse as vir my nie!

Kom ons kyk bietjie wat deesdae aangaan in Klawerhof. Daardie klomp eerstejaars is op en woes hoor. Kyk dan netso vir *Hannelie Botha* en *Johan Botha*. Beide gebore Botha — sommer gerieflik naby mekaar ook met hom in Drakenstein.

Dan natuurlik die kleine *Marlene Claassen* wat straal — maak haar wakker uit haar stralende toestand en die eerste woorde wat sy half fluisterend uiter is *Attie Maritz*.

Tipiese alliterasie vind ons by Sarie *Bubb* en Bennie *Brummer* — hier het die taalverskynsel op liefde uitgeloop. *Magda Harmse* sê so ewe vertroulik dat die tennisraket darem nie altyd op *J-n Dubery* gebruik hoef te word nie. Net soms . . .

*Elsie Kruger* verkeer elke aand ewe gesellig saam met *Adrie van Staden*. En wie sou nou kon dink dat *Marie le Cornu* in beendere sou belangstel . . . o, jy sê dié *Sarel Cilliers* is van die huidige geslag? *Esme Lamprecht* se beentjies kan haar nie vinnig genoeg dra as sy die naam van *Willem van der Merwe* hoor nie. *Bessie Richter* is nog steeds 'n vurige ondersteuner van *Mike*. Dis nou 'n ou hoor — nie 'n mikrofoon nie! *Sylvia Jackson* meen dat 'n *Schutte* die ware Jakob is. Nie dat Johan juis spyt is daaroor nie! Die jong, lang reus byt nog steeds vas by *Elsa Toxepeüs*. Ag toe kom nou, jy weet tog seker sy naam is Nic?

Nou stap ons bietjie oor Oosterhof toe. *Phil Steyn* trap Oosterhof se drumpel plat agter *Annemarie Taljaard* aan. Groot planne na 'n kort rukkie sleep. Dit klink mos na besigheid. Dis nou *Gladdys Dönges* en *Christo Maree* wat hierdie besigheid open.

A, en hier is 'n lekker vet vis. Oosterhof se primaria *Rika van der Walt* het ou *Nick Arnold* stewig aan die kraag beet. Of is dit nou hy vir haar? In ieder geval, nadat hulle die greep effens verslap het, vat hulle nou eens so vas.

*Hanlie Kuun* is ene oë en ore as jy sou waag om *Cornel Nagel* se naam in haar teenwoordigheid te uiter.

Dan is daar 'n mens op die Puk met die naam van *Spektrum*. Nouja, as daar baie van sy soort is dan sal die wêreld sommer maklik wees. Praat ek nou in raaisels? Toemaar, ek en Spektrum weet waarvan ek praat. Spektrum laat weet ietsie van jouself . . . Of is jy nou 'n [illegible] Spektrum, sê Hierdie [illegible] *Annalie [illegible]rnard* kan nie besluit of [illegible] berg na Mohammed moet gaan nie, en of Mohammed na die berg moet gaan nie. Want sien, Suidwes en Transvaal is ver uitmekaar en onse *Andre Kruger* sit in Suidwes die einde van die jaar!

*Johan Nel* en *Fleur Joubert* gaan toe so ewe oor tot die blinkklip stap. Miskien lê die lekkerste vir *Rika de Lange* en haar *Nico Pienaar* ook nog voor . . ?

*Aalwyn Kraamwinkel* moes die afgelope tyd vir *Elize van der Plast* in die hospitaal gaan kuier het. Hy sê hy het nooit geweet dat verpleegsters so nuuskierig is nie. O ja, bespreek vroegtydig plek vir *Johan du Pisanie* van Thaliafaam en *Katie Slabbert* wat „Ag de grote liefde" sal opvoer.

As *Trudie van der Merwe* se glimlaggies blomme was, en *Rick Thompson* 'n by, dan was Potch. eersdaags een groot blomtuin.

Op so 'n noot van blomme en lente en alles wat mooi is sluit ons nou af.

**Cheers!**

# Parysenaars a[illegible] in [illegible]

**WANNEER DIE Pukke aanstaande Vrydagaand teen die Paryse Universiteit op die veld draf, sal dit stellig al vyftien Theos se eerste ondervinding van internasionale rugby wees. Dit kan egter nie van die besoekers gesê word nie.**

Hierdie span is 'n gereelde besoeker aan Brittanje en speel dan ook gereeld teen klubs soos Newport, London Harlequins ens. Verskeie Britse internasionale spelers, soos John Wilcox, heelagter van die 1962 Leeus, en Robin Thompson, kaptein van die 1955 Leeus, het ook al vir die Paryse Universiteit gespeel.

Dis egter nie net in Brittanje waar die Parysenaars welkome besoekers is nie. Verskeie toere is al na plekke soos Madagaskar, Kenia, Japan, Hong Kong, Pole, Roemenie, Suid-Slawie, Holland, Duitsland, Verenigde State en Argentinië onderneem. Dit is hulle eerste besoek aan Suid-Afrika.

**Tot dusver het die besoekers nie te waffers gevaar op hulle toer nie, maar hulle kan nie sondermeer**

## op eie werf

**afgeskryf word nie. Die rugbyseisoen het nog nie in Frankryk begin nie en die manne het dus nog nie mooi hulle voete gevind nie.**

In Frankryk is hulle egter sommer hoog aangeskrewe. Die Franse klubs ding op 'n nasionale basis mee en sowat 64 klubs neem deel. Na verneem word is die Parysenaars sowat 30ste op die punteleer.

Trouens hulle was die enigste span wat die Tukkies kon klop op hulle onlangse oorsese toer.

Intussen verneem ons dat daar 'n interessante voorprogram gereel is vir die Pukke se botsing teen die Franse. Die tweede span kry ook 'n kans om verlore prestige te verhaal, na die neerlaag teen Uovs, as hulle teen die eerste span van R.A.U. speel.

**Die Pukke kan nie sondermeer afgeskryf word vir hierdie botsing nie. Teen Uovs is hulle grootliks deur die spring van die bal geklop en het nie so 'n groot drag slae verdien nie.**

**Koshuise**

Indien Dawie Dup nie moreoggend verloor nie, sal hulle in die eindstryd van die koshuisliga teen Drakenstein te staan kom. Dis inderdaad 'n skitterende gedagte om aan die koshuisspelers die kans te gee, om hulle slag op Olënpark te toon.

# SO VAAR DIE PUKKE

**Koshuisliga (Woensdag):**

Kompleks 6; Drakenstein 11.
Hombré 9; Over de Voor 0.

**INTERVARSITYUITSLAE**

**Rugby — Eerstes:**
P.U. 19; U.V. 16.

**Tweedes:**
P.U. 3; U.V. 26.

**Derdes:**
P.U. 14; U.V. 11.

**Koshuisspanne:**

Stad A 21; Dawie Dup A 11.
Verwoerd A 6; Hombré A 3.
Vishuis A 14; Dorp 6.
Malherbe A 13; Over de Voor A 0.
Reitz A 8; Kompleks A 0.
De Wet A 6; Drakenstein A 5.
Reitz B 12; P.U. o./20 B 0.
Verwoerd B 17; Kompleks B 0.
De Wet B 11; Dawie Dup B 6.
Vishuis B 12; Over de Voor B 8.
Malherbe B 9; Dorp B 3.
Reitz C 20; Over de Voor C 5.
Verwoerd C 9; Hombré B 0.
Vishuis C 3; Dawie Dup C 3.
De Wet C 0; Drakenstein C 3.

**Dameshokkie:**

U.V. I 7; P.U. I 0.
U.V. II 3; P.U. II 0.
Heide 3; Kestell 1.
Oosterhof 0; Stad 2.
Karlien 0; Pres. Steyn 4.
Klawerhof 1; N. J. v. d. Merwe 1.

**Netbal:**

U.V. I 38; P.U. I 6.
U.V. II 29; P.U. II 1.
Vander Merwe 7; Heide 3.
Steyn 4; Oosterhof 4.
Hobhouse/Kestell 9; Karlien 3.
Verpleegsters 12; Klawerhof 5.

**Gholf:**
P.U. 7; U.V. 6.
P.U. 4; U.V. 3.

**Judo:**
U.V. 30; P.U. 27.

**Stoei:**
P.U. 5½; U.V. 5½.

**Pluimbal:**
P.U. 12; U.V. 0.

**Skaak:**
P.U. 7; U.V. 3.

**Skynhof:**
U.V. 5; P.U. 3.

**Skerm:**
(mans) P.U. 17; U.V. 10.
(dames) U.V. 6; P.U. 3.

Die volledige puntestand in die koshuisliga, na verlede Woensdag se wedstryde is as volg:

| | S | W | V | G | Pte |
|---|---|---|---|---|---|
| Drakenstein | 10 | 8 | 2 | 0 | 16 |
| Dawie Dup | 9 | 6 | 1 | 2 | 14 |
| Kompleks | 10 | 5 | 3 | 2 | 12 |
| Hombré | 9 | 5 | 4 | 0 | 10 |
| Over de Voor | 9 | 1 | 7 | 1 | 3 |
| Dorp | 9 | 1 | 7 | 1 | 3 |

**B-liga:**

| | S | W | V | G | Pte |
|---|---|---|---|---|---|
| Over de Voor | 9 | 7 | 1 | 1 | 15 |
| Dawie Dup | 9 | 6 | 0 | 3 | 15 |
| Drakenstein | 10 | 5 | 4 | 1 | 11 |
| Dorp | 9 | 3 | 4 | 2 | 8 |
| Kompleks | 10 | 3 | 6 | 1 | 7 |
| Hombré | 9 | 0 | 0 | 0 | 0 |

# KOSHUISLIGA – EINDE VAN STRYD IN SIG

**DAAR hang 'n groot vraagteken oor ons koshuisspanne. Die afgelope jaar is daar al baie in Die Wapad geskryf oor die Puk se rugbykrag en die standaard van die koshuisliga, en toe verloor al die koshuisspanne in Bloemfontein.**

More kry die koshuisspanne dus weer kans om verlore prestige te verhaal, as die laaste koshuiswedstryde afgehandel word. More se wedstryde kan ook bepaal wie vanjaar se liga gaan buit.

**Dawie Dup en Drakenstein trek tans kop aan kop en as eersgenoemde môre teen Hombré verloor, is hulle die liga kwyt. Drakenstein het verlede Woensdag sy laaste wedstryd gespeel en met Kompleks afgereken.**

Volgens verslae het Kompleks se voorspelers hulle man deeglik gestaan, maar agterlangs kon hulle nie die mas opkom nie. Daar was gans te veel foute en Drakenstein het dit deeglik uitgebuit. Hulle het dan sodoende ook die uitslag in hulle guns beklink.

Dawie Dup se taak is egter ietwat moeiliker. Nadat Hombré verlede Woensdag met Over de Voor afgereken het, is hulle nou weer die ene selfvertroue. Beserings in die agterlyn het Hombré egter van baie van sy slaankrag ontneem en Dawie Dup kan die knoop deurhaak. As hulle vir Twisty Venter in die lynstane kan hokslaan, is [illegible] helfte van die stryd gewonne.

**Verlore prestige**

Die ander wedstryd is tussen Over de Voor en Dorp. Albei spanne kan niks meer verhaal as 'n bietjie verlore prestige nie. Dit behoort ook grootliks 'n voorspelerstryd af te gee, aangesien albei spanne oor goeie pakke voorspelers beskik. Miskien is Over de Voor net-net die gunstelinge.

## Fanie speel met Kovsies

**OM ses veldlopers saam eerste oor die wenstreep in dieselfde tyd te sien hardloop, gebeur nie aldag nie. Dit is presies wat verlede week in Bloemfontein tydens intervarsity gebeur het.**

Die Springbok-middelafstandatleet van die Pukke, Fanie van Zijl, het in die 5½ myl veldloop vir mans van die begin af voorgedraf en eerste by die wenstreep aangekom. Hy het egter kort voor die lint teruggedraai en vyf van sy spanmaats wat agter hom was, tegemoet gehardloop. Die sesstuks het hand-aan-hand saam oor die wenstreep gedraf in 'n tyd van 30 min 13 sek.

Van Zijl se spanmaats wat saam met hom eerste was, is Gawie van Eck, Johan Kruger, Francois Schutte, Danie en Chris Lodewyck. Die sewende man was ook 'n Puk — Wouter Uys.

**In die vroueafdeling oor twee myl het die Springbok, Bea Marais haar meesterskap bewys en in 'n vinnige tyd van 12 min. 14 sek. gewen.**

# STILTE NA STORM

**MÔRE KOM DIE Theos voor een van hulle grootste toetse te staan, as hulle teen Westelikes op die veld draf. Laasgenoemde span het gewoonlik nie veel om die lyf nie, maar die Theos moet waak teen 'n verslapping na intervarsity.**

Na verlede Saterdag se groot stryd is die manne uitgeput, geestelik sowel as liggaamlik en dit gaan heelwat kos om weer te herstel.

Ongelukkig is die uitslag in môre se wedstryd wel van belang. Môre se wedstryd is die eerste om die Blainebeker en die Theos het glad nie 'n slegte kans om die trofee te buit nie. Na hulle puik seges teen Pote, R.P.M. en Uovs is hulle ongetwyfeld een van die gunstelinge.

'n Oorwinning in die Blainereeks sal dan ook die kroon plaas op 'n baie suksesvolle seisoen vir die Pukke. Pote en Uovs is vermorsel, terwyl die Neserbeker net-net misgeloop is.

Gelukkig is Westelikes nie 'n baie harde neut om te kraak nie. Die losskakel, Valla Smit, is die enigste bekende speler wat opgepas sal moet word. Die ander manne is jong en gewillige spelers, maar nie een is uitstaande nie. In hulle laaste botsing het die Pukke dan ook maklik met 30—8 gewen.

● *Vervolg van bladsy 7*

bou en dus ook beter fasiliteite tot ons beskikking, is dit moontlik om sport, in die algemeen aan die Universiteit te bevorder. Graag sal ek my op hierdie terrein wil beywer.

**D. L. (DAWID) VAN ROOYEN**

**Beleidsverklaring**

Gesien in die lig van die swaard wat deesdae oor die hoof van die S.S.B. hang, sien ek die komende termyn as 'n besondere uitdaging. Die afskaffing van die S.S.B. sal dus eintlik neerkom op 'n erkenning dat die S.S.B.-lede geen noemenswaardige rol in die Studenteraad gespeel het nie.

Indien ek dus verkies sou word, sien ek my taak daarin om te probeer bewys dat die sportman nog 'n plekkie in die georganiseerde studentelewe verdien. Miskien kan die Studenteraad streef na samewerking met liggame soos die Federasie vir Jeug en Sport, om ons studente meer sportbewus te maak.

**J. P. (JACQUES) VERSTER**

**Beleidsverklaring**

Om 'n Puk te wees is lekker, veral as dit kom by ontspanning. Gelukkig dan ook dat hierdie aspek altyd 'n ereplek sal behou in ons studentelewe.

'n Aktiewe deelname aan sport bly egter nog essensieel en dit is hierdie noodsaaklikheid wat veral in die toekoms meer aandag, groter vereistes en 'n beter koördinasie sal eis. Om so 'n uitdaging te aanvaar lê na aan die hart van **elke man wat glo aan 'n gesonde gees in 'n gesonde liggaam.**

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."

GEBAK DEUR

Turkstra BAKKERY

ook te kry by u kafeteria

ONS IS AMPTELIKE VERSKAFFERS VAN U UNIVERSITEIT SE KLEURE EN SPORTDRAG

POTCHEFSTROOM SE MODERNE AFDELINGSWINKEL VIR DIE FAMILIE

UNIEWINKELS

DIE BULT EN KERKSTRAAT 86(B)
POTCHEFSTROOM

# PU toon baasskap oor UOVS

**DIT WAS PRAGTIG en gans te goed vir die Kovsies. Ons praat nou van die Theos se oorwinning van 19—16, verlede week oor die Kovsies in Bloemfontein. Daarmee het ons vir die derde agtereenvolgende keer gewys wie is baas, sonder dat die skeidsregter 'n rol speel.**

**KEER VOOR**

## *Derde sege in 'n ry*

Van die eerste paar minute, toe Piet Roodt pragtig gebreek het, tot aan die einde, is die Kovsies onderwerp aan woeste voorspelergeweld en hulle het bedroeë daarvan afgekom. Die een provinsiale speler na die ander het gefouteer onder die volgehoue druk en slegs Joggie Jensen se reputasie het behoue gebly.

Hierdie lang kêrel wou dalkies te veel op eie houtjie doen, maar daar was altyd 'n beroering as hy aan daardie bal vat. Volgens die skeidsregter het hy die strafdrie toegeken, alhoewel daar Pukke voor Jansen was, omdat niemand vir Jansen so na aan die doellyn stuit nie.

**Tiere**

**Uovs was dan ook deurentyd daarop toegespits om die bal aan Jensen te voer. Jannie Barnard en Charles Venter het egter soos tiere verdedig en boonop het die Pukke se losvoorspelers gesorg dat hy die bal stadig kry.**

Die tuisspan se skakelspan, Willie Strydom en Koos de Wet het 'n swak wedstryd beleef en is nie altyd deur hulle voorspelers beskerm nie. Veral die losskakel, Koos de Wet, se hande het hom sleg in die steek gelaat in sy debuut vir die Shimlas.

Elkeen van hierdie foute is deeglik deur die Pukke se lostrio uitgebuit en sowat van dryfspel is tanklaas in die Vrystaat gesien. Elke slag as Neels de Bruin vanuit die lynstane begin dryf het, was 'n horde Kovsies nodig om die geel vloedgolf te stuit.

**Uovs se losvoorspelers het duidelik nie daarvan gehou om vas te speel nie. Alhoewel Basie Verster soms mooi dinge gedoen het, was daar geen eenheid en patroon by die Vrystaatse lostrio nie.**

Die Vrystaters het nogal baie lynstane gewen, maar nie altyd die skoon bemeester - nie. Darenteen het Dawid van Aswegen weer pragtig gerank en elke bal skoon afgebring grond toe.

**Skakelpaar**

Die Pukke se skakelpaar, Henk Coetzee en Piet Roodt, was dus albei instaat om puik vertonings te lewer. Veral laasgenoemde het die beste wedstryd gespeel, wat ek nog van hom gesien het. Hy was die ene selfversekering en sy hoekskoppies het Uovs se verdedigers verwilderd laat rondskarrel.

Henk Coetzee het sy hoë skoppe spaarsaam gebruik, maar dis duidelik dat Piet Strydom nie daarvan hou nie. Dit was eienaardig dat Uovs soms 'n losvoorspeler as tweede heelagter gebruik het as teenvoeter vir Coetzee se voet. Dit het egter net die Pukke se taak voorlangs makliker gemaak.



**Kovsies moet walgooi as die bal naby hulle doellyn kom. Die Puk wat naaste aan die doellyn is, is J. Barnard.**

Charles Venter en Jannie Barnard se verdediging, gesteun deur Bernard Bernardo en sy maats se puik kruisverdediging, was 'n riem onder die hart. Daarby het veral Barnard vir 'n paar puik breekslae gesorg.

Dis egter uiters onregverdig om enige uitsonderings te wil maak. Elke geeltrui wat in die losskrum gewoel het, elke agterspeler wat verdedig het, het bygedra tot die oorwinning. Dit was 'n spanpoging soos min en niemand kan genoeg praat van Jimmy van Rensburg se besielende leiding nie.



BERNARD BERNARDO
(Foto: Fotokuns)

# BACHER BESOEK PUK

**DEESDAE ONTSIEN die Puk se sportbase geen moeite meer om belowende krieketspelers na die Puk te lok nie. 'n Spesiale uitnodigingswedstryd is selfs gereël om jonger spelers aan te keer.**

Volgens mnr. Andre Laas, klubkaptein van die krieketklub, speel die eerste span op 26 September teen 'n uitnodigings-skole-elftal. Hierdie elftal sal aangevoer word deur die Springbokkaptein, Ali Bacher.

Volgens mnr. Laas word daar ook gepoog om ander bekende spelers op daardie dag na die Bill Swart-ovaal te lok. Ongelukkig vind die jaarlikse wedstryd tussen die Wilf Isaacs XI en die Natalse Magpies ook op daardie dag plaas, en talle bekendes neem daaraan deel.

Daar word egter nou onderhandelings gevoer met verskeie van Noordoos-Transvaal se staatmakers en manne soos Mike McCauley en Jackie Botten sal dalk ook aan die wedstryd deelneem.

**Verskeie Nuffieldspelers het ook reeds laat weet dat hulle aan die wedstryd sal deelneem. Onder die bekendstes is Marinus van Wyk, Jack Hill, Mike van der Riet en Leon de Bruin.**

Intussen het ons verneem dat die beroepsspeler, Richard Langridge, binnekort in Suid-Afrika aankom. Hy sal weer die Pukke vanjaar afrig. Mnr. Langridge sal ook aan die hoof staan van 'n afrigtingskliniek, wat vanaf 21 Sept. deur die Sportinstituut aangebied sal word.

**Tukkies kom ook vir die eerste keer in 'n lang tyd teen die Pukke krieket speel. 'n Vriendskaplike wedstryd tussen die twee universiteite is vir 19 September op Potchefstroom gereël.**

Die Pretorianers, wat vanjaar deur Jackie McGlew afgerig word, is 'n gedugte elftal wat die Pukke behoorlik sal toets, maar manne soos Tony Cooper, Johan van Rensburg en Francois le Roux, het almal al vir Noordoos-Transvaal gespeel.

Daar is ook gepoog om 'n wedstryd vir die tweede span teen R.A.U. te reël, maar laasgenoemde universiteit sluit gedurende September vir 'n kort vakansie. Die tweede span sal nou teen P.O.K. speel, wat ook vanjaar in die tweede liga sal speel.

**Die redaksie wil sy dank betuig aan Fotokuns wat op enkele uitsonderings na al die foto's van die kandidate geneem het.**

*DIE WAPAD word gedruk vir die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom. Tel. 3245.*

GOEIE KOS!
FLINKE DIENS!
u tevredenheid is ons PLESIER!
BAILIEPARK PADKAFEE
(Langs die Johannesburg-pad geleë).
Besit ook dranklisensie
Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings
Tel. 6670



AS TWEE GROTES
SAAMSPAN
KRY JY
DIE WENSPAN
SAAMBOU-NASIONALE BOUVERENIGING
Hoofkantoor: Kerkplein 13, Pretoria.
Landswyd deur takke en agente verteenwoordig.

U kan gerus u bande versool by . . .
GOLDEN WEST RETREADERS



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK
Groot voorraad
★ NUWE en VERSOOLDE bande
Versoling nou ook verkrygbaar in die
★ GOODYEAR G 800 loopvlak
LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM
(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)